

Naln se Otto sterf ná stryd teen kanker

Oudkurator van Naln (66) sterf ná kankerstryd

Volksblad, 26 September 2016, Ruan Bruwer

“Om iemand wat net goed vir sy skoonouers was, die beste man wat enige ouer vir sy of haar dogter kan begeer, ’n pa wat die eerste liefde in sy drie dogters se lewe was, tot wedersiens te moet roep, is ’n eiesoortige leed.”

Só het die skrywer Maretha Maartens haar skoonseun Otto Liebenberg, wat die naweek oorlede is, gehuldig.

Dié bekende Bloemfonteiner, wat veral baie prominent was in die Afrikaanse kultuurkringe, is Saterdagoggend vroeg ná ’n kort siekte dood.

Die 66-jarige Liebenberg is aan kanker oorlede.

Hy het ’n jaar gelede ná byna 40 jaar diens aan die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (Naln) in Bloemfontein afgetree. Die laaste 35 jaar daarvan was as assistentdirekteur en kurator.

“Ons kleinkinders het ’n onvernietigbare voorbeeld en die opvoeding van ’n Godsman van Otto ontvang. Ons dank die Here dat Hy Otto met sy eie hand in ons familielewe ingebring het. En ons in Otto se familie ingeneem het. Waarlik, ons erfenis is vir ons mooi. Dankie, dankie, Here,” het Maartens geskryf.

Volgens Leana Lategan, wat 38 jaar lank ’n kollega van hom by Naln was, is hy op 1 September in die hospitaal opgeneem waar fase 4-kanker by hom gediagnoseer is. Hy het aggressiewe chemoterapie ontvang, maar dit is verlede Maandag weens brongitis gestaak. “Hy het omtrent nog elke dag na sy vorige werkplek gekom vir navorsing wat hy vir sy radiopraatjie Donderdae op Radio Rosestad gedoen het. Hy was amper heeltyds daarmee besig,” sê Lategan.

Hy het nog tot sy afsterwe as voorsitter van die Vriende van Naln, ’n finansieringsmodel, gedien en was vroeër jare ook ondervoorsitter van die Bloemfonteinse Skrywersvereniging.

“Otto was altyd baie netjies met ’n das of baadjie, ongeag wat die geleentheid was.

“Hy het ’n groot belangstelling in die geskiedenis van veral die Afrikaanse kultuur gehad. Enige vorm van bewaring het hom baie na aan die hart gelê. Hy het baie kennis daarvan gehad. Naln sal nie weer dieselfde wees nie.”

’n Groot deel van sy werk by Naln was om geskiedkundige letterkundige artikels te kry en te bewaar.

Liebenberg word oorleef deur sy vrou, Danila, en drie dogters, Lilian (19), Margerethe (20) en Danilde (12). Danila werk by die Universiteit van die Vrystaat en is ’n voormalige boekeredakteur van Volksblad.

Begrafnisreëlings is nog nie bekend nie.

ooOOoo